

Oor die stemproses tot dusver [Deur Johan van Zittert]

Daar word deesdae baie in metafore oor die NG Kerk en haar roeping gepraat. Die waarheid is mos dat 'n metafoor verstaansmoonlikhede oopsluit wat anders moeilik sal wees om te doen.

Ek wil ook weer 'n bydrae maak, met metafore.

Hoe moet ons die kerk en haar posisie vandag verstaan?

Dalk om te sê dat die NG Kerk nie die Tirpitz is nie; wat rookbomme af vuur vir beskerming teen die geallieerde magte.

Die NG kerk is ook nie die Bismarck nie wat met 'n stukkende stuurmeganisme al in die ronte vaar tot hy gekelder word nie.

Die kerk is ook nie die Titanic wat moeilik van koers verander nie en uiteindelik ook maar net een pad gegaan het: ondertoe

Die NG Kerk is ook nie 'n Seerower skip wat ongelowiges aan boord neem om te help met besluite nie, om ook maar weer in die mis te verdwyn nie.

Die NG Kerk is 'n vissersbootjie wat in die waters van die Leviatan vaar en weet dat Sy Stuurman aan boord is. Werkloosheid, ammoede, korrupsie en rassisme is monsters wat die veilige vaart van die vissersbootjie bedreig. Onenigheid en ongeregtheid en onversoenbaarheid blyk nou om die bootjie te kelder. Hulle wat in die bootjie sit, beskuldig mekaar van ondenkbare dinge. Onvergewensgesindheid, rassisme, dwaling en verkramppte geslotenheid.

Tog is die Stuurman aan boord. Dalk lê Hy 'n bietjie en slaap.

Natuurlik het die NG Kerk probleme. Die grootste hiervan is geloofwaardigheid. Die heilige grond van om te bely het toe geblyk om dryfsand te wees wat haar verstik. Dit blyk asof die huidige prosesse in die NG Kerk vasgedraai het. Daar word gewonder oor uitweë. Moet die artikels en die reglemente wat belydenis verandering bestuur herskryf word? Hoe moet ons kerk wees in hierdie tyd? Federale Algemene sinode met onafhanklike sinodes langs mekaar? Ongebonde gemeentes wat op eie inisiatief die uitdagings aanpak? Hoe ookal, elke voorstel sal sy eie unieke problematiek met hom saambring. Wat seker is, is dat die afgelope prosesse nie weer besoek kan word nie. Dit gaan nie help om die wiel weer te wil ontwerp nie. Eerder sal daar soos die Japannese buite die bestaande verwysingsraamwerk gedink moet word. Hulle het mos die vinnigste trein(konsepfase weliswaar) gebou wat nie op wiele nie, maar op elektro-magnetiese strome voortsnel. Geen wrywingsweerstand maak hierdie konsep 'n ingenieurs deurbraak vir massa-vervoermiddels. Die kerk sal ook moet soek na oplossings wat so min as moontlik weerstand opwek by sy gespreksgenote om die huidige stel uitdagings te ontmoet.

Die NG Kerk is 'n vissersbootjie wat net visvangnette aan boord moet hê. Nette wat uitgegooi word om visse te vang. Nette wat vir enkelinge in hulle nood, redding is. Wat doen die NG Kerk nie alreeds in die verband nie: gaan kyk maar na CMR begrotings, versorgingsoorde se bestuur, noodlenigingswerk wat sonder die sensasie van die pers uitgevoer word. Dalk moet die gesindheid van om vanuit 'n ivoortoring mag uit te oefen, meer en meer verruil word vir die bou en vestiging van samewerkingsnetwerke. Op baie plekke gebeur dit mos alreeds. Sonder die dwang van een of ander belydenis.

Ek dink ons moet meer dit doen wat ons as missionale kerk leer: gaan en raaksien wat reeds gedoen word; gaan en hande gaan vuil maak om bloed af te vee en te verbind. Gaan om bekere water te gee.

Dalk sal ons dan ervaar hoe ons meegevoer word op die triomftog van die Stuurman wat nooit Sy bootjie verlaat het nie.